Tjokkies Preprimêr
051-5223628
preprim@tjokkies.co.za

# Tjokkiebrief

17 Februarie 2023
Kw. 1 NUUSBRIEF 5

***OUERS: Lees die Tjokkiebrief asseblief deeglik en met aandag:***

## Ken-mekaar Piekniek

Woensdagaand se piekniek was 'n kleurvolle kleuter-partytjie! Gesinne het gekuier, kinders het rondgespeel en Tjokkie-families het mekaar leer ken. Baie dankie vir almal se teenwoordigheid. Dankie ook aan Juffrou Blanche en die Sosiale Komitee vir hulle moeite en versierings wat bygedra het tot 'n vrolike gees!









Spesiale prys

Die gesinne wat 'n prys wen vir die uitbleed van die tema is:







*Die wenners se pryse word vandag in die kleuter se sak huis toe gestuur.*

## Naam skryf

Elke Graad R Tjokkie-kleuter moet sy/haar naam **korrek** leer skryf. Dit beteken op die manier soos deur die Graad 1 Juffrouens goedgekeur. Saam met hierdie nuusbrief ontvang u 'n voorbeeld van u kleutertjie se naam, sodat mamma of pappa tuis daarmee kan help, want dit is baie belangrik dat dit reg vasgelê word.

Baie dankie vir u hulp.




## Wintersdrag

Ons Graad R-kleuters se wintersdrag is die rooi, langmou Tjokkie-toppie, 'n navy sweetpakbroekie en as dit baie koud is die nuwe rooi, "softshell" Tjokkie-baadjie. Die klere is by Tunika beskikbaar. Moet egter assebief nie te gou wintersdrag begin aantrek nie—kleuters speel en kry gou warm. Solank die weer dit toelaat kan hul ook gerus nog kaalvoetjies skool toe kom.

## Masels Inentingsveldtog

Die Kleuterskool word op Dinsdag, 21 Februarie, deur Suster Pretorius besoek vir die toediening van die entstof aan kleuters vir wie daar toestemming verleen is. Hulle het ons in die verlede ook al besoek en baie mooi met ons kleuters gewerk.

## Kopnete

Hierdie "gediertetjies" is geneig om in enige skool van tyd tot tyd op die skoonste haartjies kop uit te steek. Wees asseblief bedag daarop, ondersoek u kleuter se hare **gereeld** en tree voorkomend op. Dit word soos enige aansteeklike toestand beskou en om 'n epidemie te verhoed mag kleuters wat geaffekteer is nie skool toe kom nie.

## Individuele Skoolfoto's

Die kleuters se individuele skoolfoto's word binnekort geneem.

Pakket: Bestaan uit 1x A5 & 3x Jumbo

Koste: R65.00 per pakket

Datum: Donderdag, 2 Maart

Drag: Tjokkiedrag, hare netjies (dogtertjies s'n vas)

**Bestelling en betaling** deur middel van Karri.

Open op 21 Februarie - sluit op 1 Maart.

*Pakket bestaan uit:*

**1x A5** **3x Jumbo**



*Indien ons nie u betaling ontvang het nie, aanvaar ons dat die kindjie nie afgeneem moet word nie.*

Tjokkies-ITEC

## Gholfdag

**Vrydag, 12 Mei 2023**

**Schoemanpark Gholfbaan**

Baie dankie aan die Tjokkies Gholfkomitee pappa's en mamma's wat dadelik ingespring en begin reël het aan die dag!

Ons wil graag ál ons ouers by hierdie projek betrek en gaan binnekort meer inligting rakende die Gholfdag aan u uitstuur.

Intussen is die baan reeds vol bespreek, maar ons hou 'n waglys vir belangstellendes byderhand.

# "So leer ons tuis"

Onder hierdie hofie plaas ons altyd iets opvoedkundigs, goeie raad of wenke, wat u as ouer tuis kan toepas of beklemtoon.

## My gesin

Hierdie is jaarliks 'n belangrike tema in ons program omdat 'n kind se gesin 'n baie groot rol in die persoonlikheidsvorming en eienskappe van die kind speel. Geslagsverskille, verantwoordelikhede, die kind se posisie in die gesin, (oudste, jongste, middelste ensovoorts) speel 'n rol.

Die verhouding tussen ouers, asook tussen boeties en sussies, het 'n invloed op die kind se emosionele stabiliteit.

ONTHOU: Ouers as die primêre opvoeders, speel 'n sleutelrol in hul kinders se karakter en opvoeding!!

**Fokus vir die volgende week of twee spesifiek op u gesin in terme van:**

- Die samestelling van u gesin (uniekheid)
- U gesin se van (of verskillende vanne)
- Elkeen se rol in die gesin
- Waardes in die gesin
- Verantwoordelikhede (take) in die gesin
- Tradisies en familie-geleenthede in die gesin
- Gebed en dankbaarheid as gesin.




## Knipwerk

Ons gebruik by die skool baie klaargeknipte vorms of prentjies vir aktiwiteite. Jaarliks vra ons van u as ouers om ons te help om hierdie honderde vormpies uit te knip. Elke gesin kry **slegs een keer in 'n jaar** ' n klompie vorms of prentjies om uit te knip. Dit moet asseblief netjies deur 'n volwassene (ouer) uitgeknip word, nie deur kinders nie.

Stuur dit assebief weer terug in die sakkie/koevert wat u ontvang, tesame met die briefie met u kleuter se naam.

Baie dankie vir u groot hulp in hierdie verband, ons waardeer dit opreg.

*'n Goeie Tjokkie …*

*… luitster die eerste keer.*

Liewe ouers,

Ons is bekommerd oor die groter meerderheid van hierdie Graad R-jaargroep se luistervermoë. Dit beïnvloed elke individuele kleuter asook die klasgroepe as 'n geheel. Ons doen 'n beroep op u as ouers om van u kleuter te verwag om ***met aandag na u te luister en daarvolgens te reageer,*** sodat hul sodoende bemagtig sal word om dit by die skool ook te kan toepas. Indien hierdie vaardigheid van 'n kleuter nie verbeter nie, is die moontlikheid groot dat hierdie kleuter nie na wense sal kan vorder nie. Dankie dat ons hierdie ernstige versoek met u kan deel.

## Tjokkie-sokkie

Tjokkie-danse is so gewild dat ons vanjaar op versoek van ouers 'n gesellige Tjokkie-sokkie aanbied. Moenie hierdie geleentheid misloop nie. Koop u kaartjie en kom dans saam!

Dit is nie hoofsaaklik 'n fondinsameling nie, daarom hou ons dit bekostigbaar teen slegs R200 p/paar. Hoop om u daar te sien!

